Jacky Smith

From:	SW Visser <sw.visser@gmail.com>
Sent:	Monday, 20 April 2026 11:40
To:	TWK Budget
Cc:	Speaker; Executive Mayor - TWK Municipality; GW Hermanus; Ashwille Riddles; caledonbbv@gmail.com
Subject:	KOMMENTAAR/BESWAAR: KONSEPBEGROTING en -TARIEWE vir 2026/27
Attachments:	BriefTWK Begroot 2026-27 (1).doc

Goeiedag aan almal.

Hierby aangeheg is my kommentaar/beswaar met betrekking tot TWK se Konsepbegroting en -tariewe vir 2026/26.

U gedetaileerde terugvoering daarop word afgewag.

Groete.

SW Visser
082 588 1814

Virus-free.www.avast.com

20 April 2026

Die Speaker, Uitvoerende Burgemeester en Raadslede
Wnde. Munisipale Bestuurder
Wnde. Hoof Finansiële Beampte

Theewaterskloof Munisipaliteit
Posbus 24
CALEDON
7230

Menere en Dames,

KOMMENTAAR/BESWAAR teen KONSEPBEGROTING en TARIEWE vir 2026/27

Ek verwys na die konsepbegroting vir 2026/27 soos gepubliseer op TWK se webtuiste.

In die eerste plek kry 'n mens die indruk dat die proses vir kommentaar/besware, 'n blote formaliteit is wat net afgehandel moet word want ten spyte van insette wat jaar-na jaar ingedien word, gebeur daar net mooi niks – al wat 'n mens dálk terugkry is 'n niksseggende (en meestal 'n generiese) antwoord daarop waarin géén verduideliking gegee of redes uiteengesit word nie.

Die "Let's Talk Finance"-vergadering van 9 April 2026 het ook niks opgelewer nie en was 'n effek 'n uiters groot frustrasie.

Ek het maar net bolangs gekrap maar daar is enkele aspekte waarop ek graag kommentaar wil lewer vir u oorweging, voor finalisering van die finale begroting vir 2026/27:

1. Personeelgetalle en -kostes:

In die 2025/26-begrotingsdokumente was daar te kenne gegee dat personeelgetalle met ±10% besnoei sou word (verwys Table SA24 op bls. 64 daarvan).

Daarvan het klaarblyklik net mooi niks gekom nie! Inteendeel, sedertdien en volgens die 2026/27-dokumente (op bls. 66) het die getalle soos volg verander:

Boekjaar	**Positions**	Permanent	Contract	**Total**
2024/25 (bls **64**)	**786**	632	150	**782**
Maar toe verander iets in 2024/25 se inligting?				
2024/25 (bls. **66**)	**786**	688	170	**858**
2025/26 (bls. 66)	**736**	659	161	**820**
2026/27 (bls. 66)	**744**	699	181	**880**

Dis moeilik om hierdie syfers te vertolk en sin daarvan te maak *want*:

- is die kontrakposte ingesluit by die totale "**Positions**", *of nie?*
- indien nie, lyk dit asof daar wel 'n poging was om personeelgetalle te besnoei maar dan lyk dit weer asof die "**Contract**"-poste oormatig gebruik word net om getalle weer aan te vul wat dan boonop die "**Positions**" vêr oorskry?
- vanaf die aanvanklike syfers vir 2024/25 na 2026/27 is daar 'n groei van **10.6%** in permanente poste en **20.7**% in kontrakposte. Wat het verander en wat noodsaak hierdie skokkende groei in personeelgetalle en gevolglike kostes?
- wat is die doel en nut daarvan om die aantal **posisies** te bepaal as die totale **permanente**- en **kontrak**poste die totale aantal **posisies** deurlopend en noemenswaardig oorskry? *Dit lyk vir my baie na <u>ongemagtigde</u> uitgawes?*

Soos ook in 2025/26 se begroting, maak die berekeninge vir 2026/27-personeelkostes weereens nie sin nie.

(i) Uit die personeelgetalle soos hierbo opgesom, maak u voorsiening vir 'n styging van 7.32% in personeel<u>getalle</u> (vanaf 820 na 880).

(ii) U begroot (net soos ook vir die 2025/26-boekjaar) vir 'n totale verhoging van 7.25% (CPI van 4.0% +0.75 +2.5%). (verwys bls. 48 – Overview of Budget Assumptions).

Die personeelgetalle EN die personeelvergoedings <u>styg</u> dus volgens u eie dokumente. As dit dan so is – hoe is dit moontlik dat die "Employee Cost" dan kan daal van R315 416 na R314 715 [verwys Budget Summary (Table A1) op bls. 12]?

Die aantal raadslede bly dieselfde en daar word begroot vir 'n verhoging van 6%. Weer is dit onduidelik hoe die kostes dan kan <u>daal</u> vanaf R15 017 na R14 271?

Die "Adjusted budget", "Full year Forecast" en "Pre-audit outcome" lyk deurgaans na 'n "copy & paste"-oefening en dit veroorsaak verdere wantroue in die begrotingsproses.

Hierdie tipe somme skep wantroue in die geldigheid van die begroting. Dit is waarskynlik verder ook die aanloop tot en die oorsaak van 'n vroeë en voortydige aansuiweringsbegroting *baie vroeg* in die 2026/27-boekjaar wanneer daar dan geld rondgeskuif moet word en werklike dienslewering daardeur in die slag bly.

Verder moet ek beklemtoon dat salarisverhogings van tot 7.25% regtig buitensporig is en baie ongevoellig is teenoor die publiek. Die gemiddelde VPI vir 2025 was 3.2%. Menige mense het of nie 'n werk nie, of is nie so gelukkig om wel 'n verhoging te kry nie, of as hulle baie gelukkig is, dalk so 3.5% verhoging gaan kry.

2. Elekrtisiteitstariewe:

Die aanduiding word gegee dat die (konsep)voorgestelde tariewe vir elektrisiteit 'n styging wat **8%** verteenwoordig.

In die eerste plek klink dit baie verdag en kan ek nie bepaal hoe u op die beweerde gemiddelde van **8%** styging uitkom nie.

Die voorgestelde tariefaanpassings wissel %-gewys oor die totale spektrum. Daar is 'n magdom scenario's hoe dit elke verbruiker se rekening gaan affekteer want daar is tariewe wat met enigiets tussen 2.91% en 32.25% gaan styg en ander tariewe wat weer met enigiets tussen 1.98% en 44.50% gaan daal. My voorgevoel is dat die gemiddelde tariefverhoging neerkom op 'n ±12% styging?

Wat die berekening van die "**8%-**som" verder kompliseer is die feit dat die verwagte inkomste met 6.9% sal styg (R198 188 na R211 960). Hoe kan 'n 8% verhoging net 6.9% meer inkomste oplewer?

In kort – hoe het u bepaal dat ektrisiteitstariewe met gemiddeld 8% gaan styg?

Hierdie beweerde **8%** lyk maar na 'n oë verblindery en weerspieël vermoedelik nie die ware toedrag van sake nie. Of is dit net 'n manier om verbruikers te paai omdat dit onder NERSA se riglynkoers van 9.01% is?

3. Vullisverwydering-, Riolering- en Watertariewe:

(i) Vullisverwydering:

'n Verhoging van **11.92%** is uiters skokkend! Ek kan nérens in die "Overview of Budget Assumptions" enige verduideliking kry wat hierdie buitensporige verhoging kan regverdig nie? So 'n verhoging is totaal onaanvaarbaar!

(ii) Riolering:

Dis die enigste diens waarvan die verhoging (**4.5%**) redelik en billik voorkom.

(iii) Water:

Die voorgestelde **8%** styging is weereens buitensporig.

Die grootmaat aankoopkoste vanaf Overberg Water styg met ±10%. In die geweegde gemiddelde is dit maar net 'n deeltjie van die totale kostes – wat anders styg dan so baie wat 'n **8%** tariefverhoging sou verg?

Wat het u genoop om tariewe so drasties te verhoog in hierdie moeilike ekonomiese omgewing?

Ek maak derhalwe weereens ernstig beswaar teen die voorneme om elektrisiteitstariewe met "8%", water met 8% en vullisverwydering met 'n ongelooflike 11.92% te verhoog.

Ek kan nêrens die **verspreidingsverliese** van elektrisiteit en water opspoor nie.

My voorgevoel is dat hier ook ‘n “verrassing” skuil wat ernstige finansiële implikasies tot gevolg het.
Hoe lyk die verliese en wat word gedoen om dit onder beheer en binne aanvaarbare standaarde te kry?

Die tariewe is onder die huidige ekonomiese omstandighede totaal buite perke en onbekostigbaar vir die deursnee verbruiker. U is besig om die spreekwoordelike “melkkoei te versmoor” en dit gaan tot gevolg hê dat u stelselmatig minder geld gaan in om die “begrotingsdroom” in dienslewering om te skakel.

U is ook sekerlik daarvan bewus dat die koste van munisipale dienste ‘n groot effek het op die plaaslike ekonomie. Afgesien van die onbekostigbaarheidsfaktor vir normale verbruikers, striem dit ook die privaatsektor en sal beleggers van buite TWK, waarskynlik ‘n paar keer dink voor hulle in TWK se regsgebied sal kom belê. Kyk maar net na die rekeningvoorbeelde op bls. 121 – hoe kan daar verwag word dat die sg. “Large” besigheid ‘n gemiddelde tariefverhoging van 13.24% moet absorbeer en dan nog werksgeleenthede ook moet skep?
TWK wurg en versmoor die ekonomiese aktiwiteite en enige potensiële ontwikkeling in die TWK-regsgebied. Gaan kyk ‘n bietjie hoe ontwikkel dit in Overstrand en Kaap Agulhas, en dan sal u verstaan dat daar iets ernstig fout is in TWK!

Ek kan verstaan dat daar kruissubsidiëring tussen die sogenaamde “*kan betalers*” en die sogenaamde “*kan nie betalers*” en ook skuldafskrywings is, maar wanneer is dit die laaste strooi wat die kameel se rug gaan breek. In die proses word die “*kan nie betalers*” net meer en meer en die sg. “*kan betalers*” word ál minder. Dis ‘n bose kringloop wat afstuur op ‘n ramp! Wie in TWK se bedieningsgebied kry jaarliks ‘n verhoging wat hierdie buitensporige tariefverhogings kan ewenaar en bekostig?

Die koste van gratis dienste aan die “*kan nie betalers*” behoort beperk te word tot die “**Equitable Share**”-toekenning wat jaarliks van Nasionaal ontvang word. Die koste van gratis dienste behoort dus nie enige effek op die tariewe vir ander verbruikers te hê nie. Die omvang van gratis dienste moet dus beperk word tot ‘n maksimum gelykstaande aan die “Equitable Share”-toekenning, want dit is die doel van hierdie toekenning.

Dit is ook nie asof die TWK-belastingbetaler/verbruiker juis iets beleef wat verbeter nie. Kyk maar hoe gaan die infrastruktuur agteruit en algemene dienslewering verswak by die dag. ‘n Mens sukkel selfs al meer en meer om antwoorde te kry op navrae! E-posse word in baie gevalle net eenvoudig ge-ignoreer. Dis gewoonlik die eerste teken dat daar duistere motiewe is! Nie almal is daaraan skuldig nie maar dis hoog tyd dat die amptenary (en raadslede) besef en verstaan dat hulle **in diens van die publiek is** – die publiek is nie hulle vloermatte en/of melkkoeie nie!

Watter planne/maatreëls het TWK in plek om effektiwiteit en produktiwiteit te verbeter om sodoende kostestygings te verlaag in plaas van tariewe die hoogte in

te jaag? Die geheim is om die uitgawes aan te pas by die (realisties) verwagte inkomste en NIE om die inkomste aan te pas by onnodige en buitensporige uitgawes nie.

Ek wil nie onnodig kritiseer nie want ek ken nie al die feite nie. Maar, dit maak net nie vir my sin as ek kyk na die inligting op tabel SA24 nie. Personeelgetalle word jaarliks net meer en meer en meer. En as ek deur die dorpe gaan, moet ek sien hoe vier persone een boompie plant (een werk en drie staan), hoe 6 tot 8 mense gate in die pad regmaak (2 werk en die res staan), hoe mense in mekaar se pad staan/sit om 'n pyp reg te maak, en so kan ek aangaan. Jammer dat ek dié frustrasies ook nou op die tafel sit maar dan wonder 'n mens hoe gaan dit waar jy nie kan sien nie.

Dit is ooglopend duidelik dat behoorlike **opleiding**, behoorlike **toesig** en **streng gevolgebestuur**, NIE op standaard is by TWK nie.

Het TWK hoegenaamd enige planne op die tafel om onnodige kostes te besnoei in plaas daarvan om net die maklike pad te vat deur tariewe so buitensporig te verhoog?

Laastens wil ek ook nie weer die verskoning hoor van die "moeilike finansiële" situasie waarin TWK homself tans bevind nie. **Dis NIE die publiek se skuld nie en is nie deur die publiek veroorsaak nie**! U weet almal wie en wat die gemors veroorsaak het – spreek daardie probleem aan en raak dringend ontslae van daardie onbevoegde, onaantasbare en duistere karakters.

Maar daar is uitsonderings ook onder raadslede en amptenary. Alle eer en dank aan diegene (raadslede en amptenary) wie te-midde van die verrotte en moeilike omstandighede, steeds beginselvas probeer om die regte dinge te doen en om diens te lewer. Dit gaan ook nie ongesiens verby nie.

Erken asseblief ontvangs van my kommentaar/beswaar.

Ek verneem graag.

Groete,

S W Visser.
Selnr.: 082 588 1814
E-pos: sw.visser@gmail.com